

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

**O**ns kyk vandag spesifiek na alleenlopers en waar die klem behoort te lê in hul finansiële beplanning.

Ek sê dit gereeld in hierdie rubriek, daar is nie iets soos 'n finansiële plan wat almal pas nie, elkeen se behoeftes is uniek. Dit geld natuurlik alleenlopers ook, maar ek wil tog wys waar hul klem behoort te lê.

Daar's verskillende redes waarom mense enkellopend is. Party kies eenvoudig om nie te trou nie. Ander trou wel, maar kies dan later om te skei. Ander weer raak alleenloper omdat die huweliksmaat wegval.

Daar is ook alleenlopers met kinders. Elkeen het 'n ander fokus.

### Uit keuse alleen

Ons begin met diegene wat alleen loop omdat hulle kies om nie getroud te wees nie. Om welke rede ook al. Soos dié vrou toe sy gevra is oor trou: "Hoekom honderd admirerende vryers prysgee in ruil vir een kritiserende idioot?"

Kom ons begin met finansiële risiko's. Dit is altyd die begin van enige finansiële plan vir my. Eenvoudig gestel, fokus eers op die "Wat as...?"-vrae.

Hierdie eerste kategorie alleenloper is seker die alleenste van almal. Daar is nie veel sprake van 'n ondersteuningsbasis nie. Selsorg is die sleutelwoord.

Ek sou voorstel dat hy of sy begin deur te kyk na dekking teen ongeskiktheid. As jy nie kan werk en geld verdien nie, wie gaan na jou kyk? Jou ouers? Is dit regverdig? 'n Suster of broer? Benewens die regverdig-vraag, wat van jou waardigheid as mens?

**Ongeskiktheidsdekking** kom in verskillende vorme. Ek gaan nie hier in tegniese besonderhede verval nie. My voorstel sou wees 'n kontantbedrag by permanente ongeskiktheid met tydelike inkomsteversekering daarmee saam.

Dit kan tot ses maande neem vir die versekeraar om seker te wees dat die ongeskiktheid permanent is, voor hy sal uitbetaal. In daardie tyd kan jy 'n inkomste



Die lewe verander, jy verander – sorg dus dat jy onafhanklik is

# 'n Finansiële plan vir alleenlopers

nodig hê. Bespreek dit behoorlik met jou finansiële raadgewer en maak seker jy verstaan wat vir jou vertel word.

**'n Polis teen 'n gevreesde siekte** val vir my in dieselfde klas. 'n Gevreesde siekte kan jou net so 'n knou gee soos ongeskiktheid. Ook hier is verskillende opsies beskikbaar. My voorstel sou wees, as jy nie veel geld wil uitgee nie, om te sorg dat jy vir die vier "groties" gedek is: hartkwalie, kanker, beroerte en Alzheimer se siekte.

**Lewensdekking?** As jy alleen is, regtig alleen, en jy het geen verpligting teenoor 'n ander nie, is lewensdekking van minder belang. Hoekom geld uitgee op 'n polis waaruit jy nie voordeel gaan kry nie.

As jy natuurlik skuld het, huisverband, motorskuld, skuld aan ouers en so meer, verander die prentjie. Dit is jou plig om te sorg dat jou verpligtinge nagekom word as jyself nie meer kan nie. Die goedkoopste opsie in die geval, is dan om te kyk na termynversekering. As jou skuld betaal is, verval die nodigheid van 'n lewenspolis.

**Spaar vir aftrede?** Ja, glo dit as jy wil, dit is ook 'n finansiële risiko. Jy wil nie in jou oudag alleen sit en nie genoeg geld hê om van te leef nie.

As jy lid is van 'n werkgewerfonds, is

dit goed. Maar ek sou in elk geval met 'n finansiële raadgewer gesels oor aanvullende beleggings met die oog op aftrede. Werkgewerfondse lewer selde genoeg kapitaal om behoorlik te voorsien vir aftrede.

### Alleen, met kinders

Wat nou van die ander alleenlopers na wie ek hierbo verwys? Veral dié met kinders?

Dieselfde basiese behoeftes geld soos ek hierbo aandui. Met een baie groot uitsondering: **Lewensdekking**.

Daar is niks in die wet of in die Bybel wat sê jy moet bly leef tot jou kinders groot en finansiële onafhanklik is nie.

Jy moet sorg vir daardie kind, of kinders, selfs al is jy nie meer daar nie.

En hier wil ek die alleenloper-ouer uitsonder wat terselfdertyd ook 'n enkelouer is.

'n Enkelouer in my finansiële wêreld verwys na daardie ouer wat alleen instaan vir die geld om die kind groot te maak.

As jy so 'n enkelouer is, maak dubbeld seker daar is geld om jou kind te onderhou as jy wegval. Lees gerus ook my rubriek van 28 Augustus, "Dis nie perdekoop", waar ek spesifiek die onderwerp

aanraak oor hoe om in jou testament voorsiening te maak.

Ek het enkellopendes uitgesonder, want hulle is in 'n finansiële sin broser as dié wat trou, of saamwoon (as hulle nie lus het vir trou nie). As jy 'n wederhelf het, kan die verantwoordelikheid, hoewel net so groot, veral as daar kinders is, darem gedeel word.

Natuurlik as jy op 'n dag besluit die alleenloper is minder opwindend, hoef jy net klein aanpassings te maak aan jou finansiële plan.

Moenie dink dit kan nie gebeur nie. 'n Onlangse buurvrou in haar vroeë 70's, wat haar lewe lank alleenloper was, vertel op 'n dag heel opgewonde vir my vrou sy het vir die eerste keer haar libido ontdek... kort nadat sy die kêrel raakge-loop het.

Die punt is, die lewe verander, jy verander.

En as dit gebeur, is dit altyd beter dat jy finansiële onafhanklik is.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**